# LAERSKOOL LYDENBURG

Tel: (013) 235 2077 / 235 2079
E-pos: ontvangs@lydlaer.co.za
admin@lydlaer.co.za

Posbus /P.O Box 5
Lydenburg, 1120


Omsendbrief 4 van 2023

2 Februarie 2023

Geagte Ouers

**Ons doen 'n dringende beroep op alle ouers om die weeklikse omsendbrief wat op die groepe geplaas word te lees. Belangrike inligting verskyn daarop.**

**1. DAGROOSTER: 06 -10 FEBRUARIE 2023**

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | - | Dag 1 |
| Dinsdag | - | Skool gesluit |
| Woensdag | - | Dag 2 |
| Donderdag | - | Dag 3 |
| Vrydag | - | Dag 4 |

2. **SKOOLTYE**

Die skool sal Dinsdag, 7 Februarie gesluit wees weens 'n Departementele Kring Atletiek-byeenkoms waaraan 12 skole sal deelneem.

3. **ATLETIEKBYEENKOMSTE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vrydag | - | 03 Februarie: | Middelburg (weg) |
| Dinsdag | - | 07 Februarie: | Kringbyeenkoms (tuis) |

4. **TENNIS**

Baie sterkte aan die seuns- en dogterspanne wat Vrydag (10 Februarie) en Saterdag (11 Februarie) wegwedstryde speel. Betrokke leerlinge sal briewe ontvang.

5. **SUBSIDIEVORMS**

Die aansoeke sluit op Vrydag, **17 Maart 2023.**

6. **SKOOLHEKKE**

Laai assblief jou kind by die hoofhek af indien jy jou kind voor 6:30 aflaai. Die ander hekke word eers om 6:30 oopgesluit. Ons waardeer u samewerking.

7. **VERKEER**

- **Volg asseblief die volgende reëls, sodat die verkeer beter kan vloei. Die regterkantste baan in Nelstraat is vir ry, links vir oplaai en aflaai. Daar word ook versoek dat u nie in die pad stop om u kind af te laai nie. Indien u in Nelstraat u kind aflaai bly in die regterkantste baan van De Vosstraat. Ouers word asseblief versoek om nie op die regterkantse sypaadjie in Nelstraat te stop nie. Ons ontvang daagliks klagtes van inwoners omdat ouers op hulle grasperke parkeer.**

- **Vervoer vanaf De Vosstraat na Nelstraat is tans 'n groot kopseer. Indien u u kind in die parkeerarea voor die hoofhek aflaai bly asseblief in die linkerkantste baan (De Vosstraat). Wees ook asseblief versigtig by die skolierpatrollie oorgange.**

- **Daar word ook klagtes ontvang dat leerlinge agter karre om beweeg as hulle afgelaai word. Maak asseblief seker dat u kind te alle tye voor 'n kar verby beweeg. Ons wil nie graag dat iemand raakgery word nie.**

- **Parkeer asseblief die karre so naby aan mekaar dat daar genoeg spasie is vir almal om te parkeer.**

- **Ouers mag onder geen omstandighede voor die hoofingang of enige ander hek van die skool parkeer om kinders op- en af te laai nie!**

**Ouers, ons vra asseblief dat almal sal saamwerk om die probleme op te los. Ons is almal haastig, maar wees asseblief geduldig.**

Laerskoolgroete

**CORNELUS LEMMER**
**HOOF**

